# GODSVERVULDE BOELIES.
## ’n Antwoord op dr Isak Burger se veroordeling van die Christelike Kerk in Suid Afrika.

Daar kom die veroordeling toe!

“Bloot op grond van die opkoms was dit ’n ietwat teleurstellende demonstrasie van die breë kerk se gewilligheid en vermoë om die proses van vergifnis en versoening (in eie geledere ten minste) in praktyk te stel.” Beeld 22 Junie 2016 bl. 21

Wie is hierdie die veroordeeldes? Dit is die “breë kerk”. Daarmee bedoel die skrywer die hele Christendom in die land, ongeag kerklike verband. Hulle is onwillig en het nie die vermoë om Christelike versoening in die praktyk te beoefen nie.

Wie is die regter wat hierdie veroordeling oor die Christendom in die land uitspreek? Dit is dr. Isak Burger van die AGS.

Namens wie maak hy hierdie veroordeling? Hy doen dit namens al die geestelikes wat die massademonstrasie van “wit Afrikaner Christene” en “swartes”(volgens hulle onderskeid) op 11 Junie 2016 op die Orlando stadium in Soweto gereël het.

Wat is die bewys van Christene se onwilligheid en ook hulle onvermoë om versoening in die land prakties te maak, volgens hierdie regter? Dit is die swak opkoms van die massademonstrasie wat die AGS, NG Kerk en ’n paar ander kerke gereël het op 11 Junie op die Orlando stadium in Soweto ter herdenking van die 1976 opstande.

Wat is die regsgronde vir hierdie veroordeling? dr. Burger se regspraak is gebaseer op die opkoms van hierdie byeenkoms. Sou daar die verwagte 40,000 Christene vir hulle massademonstrasie opgedaag het, dan sou dr. Burger die uitspraak gemaak het dat dit ’n demonstrasie is van hoe Christene gewillig en by magte is om die versoening van hierdie kerke in die land prakties te maak.

Die maatstaf vir gewilligheid en bevoegheid om versoening in die land prakties te maak, is volgens dr. Burger dus die getalsterkte van die bywoning van hierdie geestelikes se gereëlde massademonstrasies op paviljoene.

Vir watter tipe versoening is Christene voor onwillig en onbevoeg om dit prakties te maak? dr. Burger stel dit self aan die orde: “Om die betekenis van die inisiatief te verstaan, is dit nodig om die onvoltooide werk van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in herinnering roep. Hoewel daar gemengde gevoelens oor die werk van die kommissie is, het hy tog daarin geslaag om iets van die waarheid van die onregverdige stelsel wat soveel vernedering en pyn vir die meerderheid van ons land se bevolking ingehou het,

aan die lig te bring. Van versoening was daar egter weinig sprake… Waar die destydse WVK ten minste daarin geslaag het om die waarheid na die oppervlak te bring, kon dit met reg verwag word verwag word dat die versoening (met God en mekaar) deur die kerk bemiddel sou word – versoening staan immers sentraal in die roeping en bediening van die Kerk van Christus.”

Dit is die onvoltooide versoening waarmee die WVK begin het. Christene is dus volgens sy veroordeling onwillig en onbevoeg (onvermoë) om die werk wat die WVK begin het, deur te voer. Hierdie geestelikes se versoeningsinisiatief is dus om hierdie onvoltooide werk aan te spreek.

Volgens dr. Burger het hulle as geestelikes met hierdie teleurstellende demonstrasie nou hierdie onvoltooide taak hervat. Die teleurstellende demonstrasie was volgens hom ’n wonderwerk wat insidente van versoening en vergifnis na die byeenkoms bewerk het. (Beeld 22 Junie 2016)

Wat is hierdie tipe versoening waarvan dr. Burger se oordeel niks van gekom het sedert die WVK nie? In hulle memorandum vir hierdie geestelike pelgrimstog van 16 Junie tot 16 Desember 2016 is dit die versoening tussen “wit Afrikaners” en “swartes”. Die rede vir hierdie sogenaamde mislukking van versoening is al die maatskaplike en politieke ellendes in die land.

Hierdie veroordeling van die Christelike kerk in die land berus op ’n totaal misplaasde siening van versoening. Die oorsaak van al die land se sosiale en politieke ellendes, sowel as die oplossing vir hierdie ellendes, het niks te maak met wit Christene wat met swart Christene moet versoen en dit op paviljoene moet demonstreer nie.

Die WVK was nooit gemeenregtelik bedoel as ’n Christelike versoeningsaksie deur die owerheid of enige kerk nie.

- Dit was nie ’n staatskommissie wat die Christelike versoening van kerke die grondslag van die nuwe konstitusionele bedeling in die land moes maak nie. Dit was nie ’n kerklike instelling nie.
- Dit wou burgerlike versoening, ongeag geloof van enige godsdiens, ongeag van enige geloof óf ongeloof, bring tussen gemeenskappe wat in ’n oorlog met mekaar vasgevang was. Dit was nooit die bedoeling om die Christelike geloof in versoening met God aan mense te bring nie.
- Die WVK was ingestel om gemeenregtelike amnestie te gee vir alle vergrype in hierdie oorlog terwyl kriminaliteit tydens die oorlog daarvan onderskei en gestraf moes word. Dit wou geen vergifnis van sonde meedeel nie.
- Die voorwaarde waarop hierdie amnestie deur die owerheid gegee was, was die volle onthulling van die vergrype tydens die oorlog. Daar was geen

voorwaarde van enige sondebelydenis, sondeberou of geestelike restitusie volgens die Christelike Kerk se geloof gewees nie.

- Die persone wat die WVK bedryf het, was staatsaanstellings. Hulle het nie of hulle geloof of kerk verteenwoordig nie. Hulle was in diens van die owerheid se amnestieproses.

Die burgerlike versoening waarvoor die WVK bedoel was, is afgehandel en was geslaag. Daar is niks uitstaande of onafgehandeld nie. Dit het amnestie toegestaan en daarmee die vergrype van die oorlog gemeenregtelik afgesluit. Dit het die aanvaarding van ’n nuwe grondwet vir ’n nuwe gemeenskaporde moontlik gemaak. Laasgenoemde doelwit is ook geslaag gewees en afgehandel.

Die WVK was nie ’n kerklike instelling nie. Geen kerk het enige doelwit van die WVK as kerklike instelling aanvaar nie. Daarom kan geen kerklike instelling aanspreeklik gehou word vir die amnestie waarvoor die WVK ingestel was nie of enige ander doelwit wat dit sou gehad het nie.

Geen lidmaat van enige Christelike kerk was ooit verbind tot die doelwit en uitvoering van die WVK nie. Daarom kan niemand ook daarvoor aanspreeklik gehou word nie, behalwe die regering wat dit ingestel het of die persone wat die opdrag moes uitvoer.

Nieteenstaande hierdie werklikheid kom dr. Burger en verklaar dat van die versoening wat die WVK mee begin het, niks van gekom het nie. Hiervoor veroordeel hy die Christelike kerk dat hulle vir hierdie sogenaamde onafgehandelde versoening voor skuldig is. Meer nog, hy skryf die oorsaak van hierdie onvoltooide taak toe aan alle Christene se onwilligheid en onvermoë om te kan versoen.

Waarvan praat dr. Burger?

Dr. Burger praat hier van ’n tipe versoening waarin geestelikes geglo het, maar nooit deel van die bedoeling, instelling of werking van die WVK was nie. Hy praat hier van ’n tipe versoening wat min Christelike kerke amptelik en die meerderheid gelowiges in glo.

Hierdie versoening word in die “memorandum” vir hulle pelgrimstog soos volg voorgehou. Wanneer wit Afrikaner Christene hulle rassisme bely en met swart Christene versoen, dan sal al die sosiale en politieke ellendes van die land regkom en verdwyn. Dit was hoe hulle dit met die WVK gesien het. Dit is wat hulle nou weer met ’n 6 maande lange pelgrimstog wil bedryf. Die belydenis van rassisme, veral wit Afrikaners teenoor swartes, en dalk swartes teenoor wit Afrikaners, sal die basis wees vir ’n welvarende en vooruitstrewende land.

Met die WVK het hierdie tipe geestelikes hierdie waanbeeld geglo en hierdie geestelike waan in die naam van die WVK as die nuwe staat se staatsgeestelikheid probeer bedryf. Dit was ’n selfopgelegde visie en missie waarvoor daar geen owerheidsbevoegdheid was nie. Die nuwe regstaat was van die begin af bedoel as ’n sekulêre staat. Dit was die openlike doelwit waarvan elke geestelike bewus was.

Ten spyte daarvan dat hulle medebouers aan ’n sekulêre staat was, het hulle geglo hulle geestelike versoeningswaan het vrede en voorspoed vir die nuwe sekulêre regstaat gebring en sal dit ook vir die toekoms van hierdie sekulêre regstaat bewerk.

Die burgerlike skep van ’n nuwe konstitusionele regstaat het hulle opgeëis as die vrug van die sondebelydenis van wit Afrikaners teenoor “swartes”. Die wyse waarop hulle die toekoms van hierdie nuwe regstaat opgeëis het, was eenvoudig: wit Afrikaners moet hulle rassisme van die verlede as sonde bely en as restitusie hulle reg op bevordering, aanstellings, studiegeleenthede, werkgeleenthede, besigheidsgeleenthede, die besit van hulle plase, Afrikaans as taalonderrig in skole en universiteite teenoor “swartes” opgee, en dan sal hierdie tipe versoening vrede, vooruitgang en welvaart in die land bring. Dit is die versoeningsoffer wat van “wit Afrikaners” verwag is op grond van hulle sonde - apartheid.

Vir hierdie geestelike boetedoening as magsmiddel kon hierdie geestelikes in hulle eie gemoed namens die nuwe regering praat en het ook opgetree asof hulle die nuwe regering se mag verteenwoordig. Enige kritiek, protes en verset teen hierdie geestelikheid het hulle, in hulle gemaksone om namens die nuwe land te praat, weer net aan rassisme toegedig.

Die werklikheid van wie die regering is en wat in die land gebeur, het hierdie versoeningswaan nou egter laat versplinter. Die skok het nou by hierdie geestelikes ingetree dat hulle versoeningswaan nooit was wat hulle geglo het nie, nie voor,tydens of na die WVK nie. Erger, hulle magsgevoel dat hulle namens die nuwe staat optree, is versplinter. Die werklikheid van die nuwe sekulêre gemeenskap en land het hulle nou ontnugter.

In plaas daarvan om te aanvaar dat hulle hulle self net misgis het in hulle boetedoeningsvisie, word die hele Christendom in die land deur geestelikes soos dr. Isak Burger egter nou veroordeel dat húlle niks gedoen het om hierdie geestelike versoeningswaan prakties te maak nie!

’n Veroordeling wat nie net van totale onbegrip nie, maar uiterse minagting van gelowiges getuig. Wat noem ’n mens die volgende praktyke van Christene in hierdie land?

’n Gelowige wat twee – drie mense se werk volhardend en toegewyd doen, maar een se betaling kry, maar lydsaam en geduldig dit aanvaar, net om ’n munisipale of enige ander openbare diens aan die gang te hou? ’n Onwilligheid en onvermoë om te versoen? Netso!

- Wat noem ’n mens ’n gelowige wat aanvaar dat hy nie bevordering gaan kry nie, maar dit sy roeping voel om sy werk nog getrou te doen?
- Wat noem ’n mens dit as jy deur jou geloof nie geweldadig raak nie wanneer jy een van die 44 ouers is wie se baba net in een staatshospitaal van verwaarlosing en ongeërgdheid dood is?
- Wat noem ’n mens dit wanneer jy nie staatskontrakte kry nie omdat uit jou geloof jy nie korrup kan wees nie?
- Wat noem jy dit wanneer jy jou plaas verkoop terwyl jy weet dit sal binne enkele jare tot niet gaan en jou geloof keer dat jy verbitterd word?
- Wat noem ’n mens dit wanneer jy nie haatdraend word nie wanneer dit die polisie is wat jou sonder rede kriminaliseer maar kriminaliteit bevorder?
- Wat noem ’n mens dit wanneer jy nie ook wetteloos word, soos al die ander wat nie gestraf word vir oortredings nie, maar uit jou geloof aan landswette gehoorsaam bly?
- Wat noem jy dit as jy nie vyandig teen die gemeenskap word wanneer jou kinders regmatige geleenthede in sport en studie ontneem word, maar uit jou geloof geduldig soek na wettige en diensbare oplossings?
- Wat noem jy dit as jy die selfverryking, gierigheid en jaloesie uit korrupsie in besigheid afwys en uit jou geloof met nederigheid en selfbeheersing diensbaar bly aan die gemeenskap?
- Wat noem jy dit as jy jou self nie aan die geweld, intimidasie en moordlus van massas onderwerp nie, maar uit jou geloof met goedhartigheid en standvastigheid toewy aan die wet van die Here?

dr. Isak Burger, en waarskynlik al sy medegeestelikes, noem dit onwilligheid en onvermoë om te versoen!

Hoekom?

Hoe kry hulle dit reg om al die Christelike deugdes wat elke gelowige deur God se Gees binne hierdie nuwe burgerlike gemeenskap mee leef, ’n onwilligheid en onvermoë tot versoening in hierdie land te noem?

Want die land brand deur al die goddeloosheid van die regering en gemeenskap! In hulle versoeningsdrif moet hulle god al hierdie sondigheid en ellendes uit die land wegneem wanneer wit Afrikaners hulle rassisme teenoor “swart” Christene bly en “swart” Christene “wit Afrikaners” vergewe.

Binne die magsbeeld wat hierdie geestelikes van hulle eie geestelikheid het, is daar geen moontlikheid dat elke Christen, uit elke taal en kultuur, uit en deur hulle geloof, elke dag die Christelike deugdes in die gemeenskap uitleef, en ten spyte daarvan die land en gemeenskap deur die wetteloosheid van goddeloses vernietig word nie.

Dit is die droom van ’n godstaat net soos ISIS en enige ander kultus dit droom: ons geestelikheid sal alle euwels en ellendes uit ’n sekulêre gemeenskap wegneem. Dr. Burger en elkeen wat saam met hom vir ses maande lank in hierdie pelgrimstog gaan marsjeer, hou elke Christen onder hierdie oordeel: dat hulle rassisme hulle onbevoeg en onwillig maak om die vrugte van die Gees te dra.

Dr. Burger en elkeen van sy medegeesgenote, probeer met hierdie veroordeling die illusie van 1994 dat hulle geestelikheid burgerlike versoening bewerk het, laat herleef. Dit is wat hierdie inisiatief in wese is, ’n herlewing van ’n ou magsdroom wat net ’n droom was

Die maatstaf vir hierdie veroordeling wys op hulle uitgediende herlewings- en vernuwingsgeestelikheid! ’n Massavertoning van 40,000 wit en swart Christene saam op ’n paviljoen op een dag in Soweto, sou hulle laat roem het dat Christene gewillig was en die vermoë gehad het om versoening in die land prakties te maak.
Net soos hulle herlewingsdienste, vernuwingsdienste en opwekkingsdienste se massavertonings hulle laat jubel dat God se krag teenwoordig is en mense bekeerd en godsvervuld is.

Nou hoe word Christene wat onwillig en onbevoeg vir versoening in die praktyk gewillige en bevoegde Christene?

Dit is hier waar die werklike waansin deur breek. Deur die wedergeboorte – bekering, die eerste bekering waardeur jy jou hart vir die Here gee, jou lewe vir die Here gee, Jesus koning maak, God in jou lewe innooi, jouself aan God oorgee, jou sonde bely, jouself voor God veroordeel, minag, aankla en beskuldig as ’n verlore sondaar.

Dit is maar net die begin om ware wedergebore, bekeerde, gewillige en vermoënde versoeningsgesinde Christene te word. Na al hierdie geestelikheid moet jy dan ontdek dat jy onwillig en onvermoënd is vir praktiese versoening omdat jy nog nie vervuld leef met God se krag nie. Jy moet dan die totale beheer van jou lewe aan God oorgee, self nooit weer iets wil wees nie, maar God toelaat om alles in jou te wees, jy mag nie meer self die beheer van jou lewe hê nie, maar alle beheer aan God oorgee, en hierdie voorwaardes hou net nooit weer op nie.

Dit is hierdie geestelikheid wat die Woord van God beskyf as: “Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring nooit volkome van sonde vry maak nie.”(Heb. 1:1)

Wat die Woord van God ’n nuttelose bring van offers noem wat nooit iets bewerk of tot stand bring, is vir dr. Burger en sy geesgenote in die NG en ander kerke die “krag van God”. Wanneer jy hierdie wedergebore en godvervulde mens is, sal jy die krag, die gewilligheid en die vermoë hê om deel van die massavertonings te wees. Deur hierdie massa-geestelikheid sal God die land weer vrede gee, voorspoed gee, welvaart gee, oplossings gee, goeie leiers gee, nuwe huise gee, water gee, pensioene gee, geld gee, besigheid gee, gesondheid gee, gratis skool, studie en medies gee,…

Geestelike boelies!

Dit is wie hierdie geestelikes is teenoor elkeen wat in die druk, die verlies en die uitsigloosheid van ’n sekulêre godlose gemeenskap in die land leef.

Dit is soos met die bekende siek grap. “’n Man vertel dat hy in die straat afgery het en langs die pad sien hoe skurke ’n weerlose man wat op die grond lê, vloek, skop en trap. Hy vertel dat hy toe net daar gestop het, ’n ketting uit sy kar gehaal het na die groep toe gestap het, en sê toe: “Toe moes jy sien hoe slaan ons daardie ou wat daar op die grond gelê het!”

Gelowiges het al elke moontlike prys betaal wat die skep van ’n nuwe burgerlike gemeenskap van hulle gevra het. Die gelowige Afrikaners, wat weer en weer moet bely, het van al hul mag en selfbeskikking afgesien en met elke mens hul self tot ’n nuwe regstaat verbind. Elke gelowige in elke taal en kultuur is op die oomblik besig om al die verliese wat die wetteloosheid van ’n nuwe godlose gemeenskap op hulle afdwing lydsaam te aanvaar en bly aan hulle Christelike geloof en deugdes binne die gemeenskap teenoor elkeen verbind.

Nou dat hulle, wit en swart, totaal weerloos en ontmagtig is deur die anargie van ’n godlose gemeenskap en die anargisme van die regering, kom dr. Burger en sy maats en verklaar: “Julle is onwillig en onbevoeg vir praktiese versoening!” “Julle moet weer wit en swart massademonstrasies gee dat julle na ons luister!” “Julle moet wit en swart agter ons in die strate gaan marsjeer!” “Eers dan sal julle versoening prakties wees!” Dit beteken, in ongeestelike taal, wanneer ons weer die bemagtigdes van ’n nuwe versetbeweging is teen die owerheid, die owerheid wat ons tot hier toe verchristelik en verskoon het, terwyl ons geglo het ons deel in hulle mag, eers dan sal God se versoening prakties wees”.

Geestelike boelies wat ons met valse bekerings en godsvervullings aan hulle waanbeelde onderwerp! Geestelike boelies wat ons tot die bron van al die ellendes in die land verklaar wat goddeloses bedryf.

Daar is ’n ander moontlikheid vir daardie leë paviljoen van 11 Junie 2016 in Soweto!

Dr. Burger en sy geesgenote in die NG Kerk het van die negentigs af die waan verkondig oor hoe hierdie god die land sal seën wanneer Christene hulle rassisme sal bely. Die NG Kerk het spesiaal vir dr. Billy Graham in daardie tyd ingevoer met hierdie geestelike visioen wat hierdie god alles deur sondebelydenisse vir die land sal ontsluit. Die Wes Kaapse Sinode van die NG Kerk het die herlewingsdrif van hierdie god, die geestelikheid gemaak vir die nuwe Suid Afrika! Angus Buchan het 400,000 “Mighty Men” gemobiliseer met hierdie wedergeboorte – bekering en godsvervulling, met die belofte oor hoe hierdie god daarmee die ellendes van die land sal laat verdwyn.

En dit gebeur nie!

Dit het nie met 1994 se versoeningsgeestelikheid gebeur nie! Dit het nie met “magte mans” gebeur nie! En die meeste weet nou al dat dit nie met ’n ses maande lange pelgrimstog gaan gebeur nie!

Hierdie god wat jou geluk en voorspoed gee wanneer jy bekeer en godsvervuld raak is ’n dooie god! Hy maak nooit sy beloftes waar nie. Hy maak dit nie waar in mense se persoonlike lewe nie en nog minder in die land! Hierdie dooie god is nes die politici. Hierdie dooie god en politici maak leë beloftes om mag te kry en te behou, nie om beloftes waar te maak nie.

Dit is nie die lewende Here Jesus Christus wat sy kerk so veroordeel en tot bekering en godsvervuldheid aanhits nie. Nog minder is die Here Jesus die god van die beloftes van ’n nuwe land waar goddeloses nie meer wetteloos gaan wees nie, omdat wit en swart Christene massavertonings op paviljoene en strate gee nie. Die Here Jesus slaan nie sy kerk met oordeelskettings wanneer goddeloses ’n land en gemeenskap in hulle wetteloosheid verteer nie! Hy regeer hulle in en bewaar hulle deur hierdie ellendes terwyl Hy hulle elke dag gewillig en bevoeg maak om die vrugte van die Gees teenoor elkeen en almal uit te leef.

Die god van 11 Junie 2016 in Soweto, is ’n dooie god met leë beloftes.

Dit is nie die lewende Here van sy kerk nie. Gelowiges wil nie meer hierdie waanbeeld van wit en swart versoening wat geluk en voorspoed bring, glo nie. Die Here is al lank reeds besig om hulle die lydsaamheid te gee om in hierdie wetteloosheid deugsaam te leef.

Die boodskap wat dr. Burger en sy geesgenote in die NG Kerk moet kry klink so: Die Baalprofete kon nie hulle dooie god aan die lewe kry deur hulle self met swepe te vermink nie. Julle god gaan ook nie lewe kry wanneer julle ons met hierdie oordeelskettings slaan nie: “Julle het nie die gewilligheid en vermoë om versoening in hierdie land prakties te maak nie.”Julle moet weer, en weer, en weer en weer tot bekering en weer, en weer, en weer, en weer tot godsvervulling kom!”

Ons as gelowiges gaan julle paviljoene leeg hou terwyl ons die vrug van die Gees in hierdie nuwe godlose sekulêre staat sal uitleef! Ons is nie die geestelike bemagtigde leiers van hierdie goddelose en wettelose wêreld soos julle nie. Ons sal julle ook nie na julle paviljoene en in die strate volg nie!

Ons is die sout van die aarde! Ons is die lig wat skyn binne die wêreld!

Ons dien ’n ander God en Here wat sondes een keer en vir altyd vergeef sodat hulle van alle sondeskuld, of dit nou die sondes wat wittes met apartheid is of die sondes van swartes met ’n nuwe sekulêre staat is, vir altyd volkome vry gemaak is en nooit enige offer self vir sonde hoef te bring nie. (Heb. 10:10, 14 en 18.)

Met hierdie god wat julle dien moet ’n mens altyd weer, en weer, en weer bely, vergeef, vervul en bekragtig word, en tog maak dit hierdie dooie god nooit ’n lewende god nie. Hierdie dooie god se beloftes nooit waar nie. Skuld en skuldbelydenis is die mag van julle god wat nooit enige van sy beloftes kan of ooit sal nakom nie.

Ons Here verlos ons van skuld en maak ons vir sy diens elke dag bekwaam. Hy maak al sy beloftes vir ons waar, ook in hierdie land wat brand en ly in die wetteloosheid van goddeloosheid.

ds. PJ Kriel